Discovery Insure

INSURE

Discovery Insure

Bestuur goed van A tot B
Kry belonings van A tot Z

Welkom by Discovery Insure

Discovery se benadering tot versekering word kenmerkend geskep deur produkte waarby ons kliënte ten volle betrokke raak en wat lei tot positiewe verandering van gedrag.

Deur die aansporings van die bestuurderprogram, VitalityDrive™, moedig Discovery Insure u aan om u bestuursvermoëns te verbeter. Dit beloon u as u goed bestuur, verseker dat u voertuig padwaardig is en dat u hou by veilige bestuurstandaarde. Discovery Insure bied ook sekere hulpmiddels en dienste om u en u gesin op die pad te beskerm.

Met **Discovery Insure** en **VitalityDrive™**, kry u **belonings** van A tot Z as u **goed bestuur** van A tot B

Opsomming van die voordele wat Discovery Insure en VitalityDrive™ bied

Stel u Discovery Insure-produk saam in drie maklike stappe

STAP 01

Maak seker u het beskerming met Discovery Insure se omvattende motorversekering

Motorhuur word ingesluit teen geen addisionele koste nie

SmartService™ maak dit maklik om te eis

Geen bybetaling in geval van diefstal, kaping, haelskade, storms of brandskade nie

Voordele as u gestrand is

STAP 02

Raak betrokke by VitalityDrive™ om brandstofbelonings van tot 40% te ontvang, asook ander waardevolle voordele omdat u goed bestuur

Gevorderde telematiek om u Bestuurder-kwosiënt te meet

Brandstof-belonings op die bedrag wat u elke maand aan brandstof bestee

Verbeterde belonings met Vitality en DiscoveryCard

Die jongste beskikbare veiligheids-kenmerke vir voertuie en passasiers

STAP 03

Kies verskeie gestruktureerde, aanpasbare opsies vir addisionele dekking vir u voertuig, persoonlike versekering en huishoudelike dekking

Aanpasbare produkte om pasgemaakte dekking te kies

Ooreenkoms vir jong volwassenes: kortings op premies vir persone wat 18 tot 25 jaar oud is

HomeProtector™: sekuriteit en noodverblyf

Geen bybetaling vir eise buite jou beheer op huishoudelike en persoonlike items nie

STAP 01

Omvattende **motordekking** met naatlose toegang tot **fantastiese voordele en dienste**

01 Motorhuur word ingesluit teen geen addisionele koste nie

Motorhuur deur Avis, word ingesluit by u Discovery Insure-polis en dit behels geen addisionele koste nie.

02 SmartService™ maak dit maklik om te eis

Ons "smartphone"-diens maak dit maklik om te eis en bied onmiddellik toegang tot nooddienste

In geval van 'n noodgeval met u motor, kry u onmiddellike noodbystand. Druk net die paniekknoppie op u selfoon en ons stuur noodbystand van Discovery Insure.

Verder kan u "smartphone" gebruik word om 'n foto van die skade aan die motor te neem en dit aan ons stuur. Dit is al wat ons nodig het om die eis te begin!

Kyk by www.discovery.co.za vir die jongste besonderhede oor hoe om dié diens te gebruik.

03 Geen bybetaling op motor-eise as dit buite u beheer is nie

Ons pas nie die bybetaling ten opsigte van die polis toe in geval van diefstal, kaping, hael, storm of brand nie.

04 Voordele as u gestrand is word ingesluit teen geen addisionele koste nie

Geniet gemoedsrus en weet dat u die hulp wat u nodig het, kan kry in 'n noodgeval. Skakel Discovery 911 by 0860 999 911 (die nommer is op die motorplakker) om hulp te ontbied in 'n noodgeval.

SmartClaims™ help u wanneer u dit die nodigste het, deur u motorhuur en die insleep van u motor te reël

As u betrokke is in 'n minder ernstige botsing en die motor nog bestuur kan word, kan u net die volgende maklike stappe doen:

01 Gebruik u "smartphone" om 'n foto te neem van die voertuig en stuur dit aan ons

02 Skakel ons sodat ons vir u kan sê na watter Avis-tak u die motor moet neem

03 Kry 'n motor by Avis totdat u motor herstel is

04 Gaan haal u motor by Avis wanneer die herstelwerk klaar is. Dit is so maklik!

As u betrokke is in 'n botsing en u motor moet ingesleep word:

01 Ons bied omvangryke steun na 'n botsing en addisionele veiligheidsmaatreëls deur VitalityDrive™ (lees bladsy 13)

02 As u ons in kennis kan stel van die botsing, kan u ons skakel of die paniek-knoppie op u "smartphone" gebruik

03 Ons reël dat Avis u gaan haal en u na u bestemming neem

04 Avis lewer 'n motor af by die plek waar u verkies

05 Ons verseker dat u beskadigde motor veilig gesleep word na een van ons goedgekeurde paneelkloppers

06 Gaan haal u motor by Avis sodra die herstelwerk klaar is. Dit is so maklik!

STAP 02

VitalityDrive™: hoe **beter u bestuur**, hoe beter u status en **hoe groter u belonings**

VitalityDrive™ is Discovery Insure se aansporingsbaseerde bestuurderprogram en dit bied toegang tot waardevolle belonings. Die program gebruik DQ-Track™, die jongste motortelematiektegnologie, om wetenskaplik te bereken hoe veilig u bestuur, u Bestuurderkwosiënt (DQ). DQ bring die belangrikste aspekte van bestuurderintelligensie bymekaar. VitalityDrive™ meet u DQ volgens die getal punte wat u verdien. Hoe meer DQ-punte u verdien, hoe beter u DQ.

VitalityDrive™ beloon goeie bestuursvermoëns in drie eenvoudige stappe



Rory Byrne

Spesiale ingenieursadviseur vir Discovery Insure

Discovery Insure het die Bestuurderkwosiënt ontwikkel in samewerking met ons spesiale ingenieursadviseur, Rory Byrne.

Rory is 'n motoringenieur en het vir meer as 20 jaar leiding gebied vir die ontwerp van Formule 1-motors. Hy is 'n Suid-Afrikaner en het ingenieurswese studeer aan die Universiteit van die Witwatersrand voordat hy in Europa gaan woon het. Hy word grootliks erken as die suksesvolste F1-motorontwerper van alle tye. Die motors wat hy ontwerp het, het 94 Formule 1-wedrenne gewen, sewe Constructor's-kampioenskappe vir die Benetton- en Ferrari-spanne, asook sewe bestuurderkampioenskappe. Rory het gehelp deur sy kennis van motorvoertuigdinamiek toe te pas om die metodologie van die Bestuurderkwosiënt te ontwikkel.

Verdien Bestuurderkwosiëntpunte

Bestuurderkwosiëntpunte (DQ-punte) word toegeken as u bestuursvermoëns en die veiligheid van u voertuig verbeter word

DQ-Track™ meet bestuursgedrag soos dit toegepas word. Bestuurderkwosiëntpunte word maandeliks toegeken volgens die manier hoe u bestuur. Faktore soos skielike rem, versnelling en skerp draaie wat die risiko om beheer te verloor, verhoog, word in ag geneem om Discovery Insure se profiel van elke bestuurder saam te stel. Verder kan die interaktiewe hulpmiddel op die webblad, DQ Mapper™, gebruik word om vorige reisinligting en rekords na te gaan.

Verbeter bestuursvermoëns met DQ-Track™ en DQ-Mapper™



Gaan vorige reisinligting na en kyk na gebeure volgens DQ-Track™ op die webblad

Bo en behalwe punte vir bestuurdersvermoë, kan u tot 500 DQ-punte per maand verdien as u stappe doen om u kennis, bewustheid en die veiligheid van u voertuig te verbeter

Aktiwiteite om VitalityDrive™-punte te verdien

Aktiwiteit		Maandelikse DQ-punte
Bestuurdersvermoëns	DQ-Track™ – bestuurderprestasie	0 tot 750
	Eisvrye jare: een	25
	Eisvrye jare: twee	75
	Eisvrye jare: drie of meer	150
Kennis en bewustheid	Jaarlikse bestuurderveiligheidsoorsig	75
	Kwartaallikse vraelys op die webblad	75
	Proaktiewe bestuurderkursus twee keer ‘n jaar	100
Veiligheid van voertuig	Jaarlikse versiening van voertuig	50
	Jaarlikse inspeksie deur Tiger Wheel & Tyre	100
	Bonuspunte as die voertuig die inspeksie slaag	100

Behaal VitalityDrive™-status

Bestuurderkwosiëntpunte bou op en bepaal VitalityDrive™-status

Hoe hoër u DQ-punte, hoe beter u VitalityDrive™-status. Daar is vier statusvlakke: Basies, Neutraal, Betrokke en Gevorderd.

VitalityDrive™-statusmonitor



Behaal Gevorderde status in drie stappe

Gaan na Tiger Wheel & Tyre sodat inspeksie gedoen word	Besoek die webblad	Bestuur goed





Inspeksie	100	Jaarlikse bestuurder-veiligheidsoorsig	75	‘n Goeie bestuurder kan tot 750 DQ-punte verdien	
Slaag die inspeksie	100	Kwartaallikse vraelys op die webblad	75		
Bewys van jaarlikse versiening van voertuig	50				

Geniet die belonings

01 Brandstofbelonings van tot 40% op u maandelikse brandstof-besteding met VitalityDrive™

As u VitalityDrive™ aktiveer, is u geregtig op onmiddellike belonings van tot 10% op besteding aan u brandstof by BP. Indien u een keer per jaar die inspeksie by Tiger Wheel & Tyre laat doen, word die brandstofbelonings vergroot tot 25%. Versekerdes met VitalityDrive™ wat 'n DiscoveryCard het, kan belonings van nóg 15% verdien op besteding by enige vulstasie. Dié voordeel word voorsien bo en behalwe die brandstofbelonings met VitalityDrive™ by BP-vulstasies.

Let wel:

Die maandelikse terugbetaling is beperk tot die beloning volgens besteding aan brandstof volgens u DQ-punte. Dit beteken dat 1 000 DQ-punte voorsiening maak vir 'n maandelikse brandstofrekening van tot R1 000 wat in aanmerking kom vir die brandstofbelonings.

	Onmiddellike beloning	Beloning met die inspeksie by Tiger Wheel & Tyre
Brandstofbeloning op brandstofbesteding by BP, vir versekerdes wat net VitalityDrive™ het	10%	25%
Addisionele brandstofbeloning volgens besteding met DiscoveryCard	5%	15%
Totale brandstof-beloning vir versekerdes met 'n DiscoveryCard en VitalityDrive™	15%	**40%**

VitalityDrive™ se brandstofbelonings in aksie

Besteding aan brandstof

Discovery Insure

BP
03-05-2011 15:03 V:0203
MER:40002 TID:40002002

Receipt: 27
Card: 0374831234567890
Grade: ULP 93
Litres: 35.56
Amount: R 400.00
SALE CAPTURED

We will refund
Discovery Insure members
up to 40%
of their fuel spent
each month

Brandstofbelonings



Die Excess Funder Account™ met VitalityDrive™ ken tot **80% van besteding aan brandstof** toe om bybetalings op u polis te befonds

Die Excess Funder Account™ met VitalityDrive™ is 'n unieke voordeel wat dit moontlik maak om 'n fonds op te bou om voorsiening te maak vir enige bybetalings in geval van 'n eis. U kan kies om die brandstofbelonings in kontant te ontvang, of die belonings kan verdubbel word en in u Excess Funder Account™ betaal word. In geval van 'n eis, kan dié bedrag gebruik word om voorsiening te maak vir die bybetaling op motor-eise.

Hoe die Excess Funder Account™ werk

Die bedrag in die Excess Funder Account™ word elke maand en elke jaar oorgedra. Vir elke rand wat u aan brandstof bestee, word die bedrag in die Excess Funder Account™ aangevul.

Die bedrag in die Excess Funder Account™ kan gebruik word om voorsiening te maak vir hoër bybetalings, wat met verloop van tyd aansienlike laer premies kan beteken.

Excess Funder Account™ met VitalityDrive™



Verdubbel u brandstof-beloning by BP	Verdubbel u brand-stofbeloning met DiscoveryCard	Tot 80% van besteding aan brandstof word betaal in die Excess Funder Account™	Bedrag maak voorsiening vir bybetaling in geval van 'n eis

1. Bedrag wat nie gebruik word nie, word elke jaar oorgedra
2. Verlaag premies deur bybetaling op motordekking te verhoog
3. Na drie jaar kan u kies om 'n gedeelte van die brandstofbelonings te onttrek (50% van die bedrag in die Excess Funder Account™), selfs as u nie geëis het nie.

Geniet die belonings

Belonings met VitalityDrive™ verbeter volgens u status

02 Tot 15% terug in kontant by vennootwinkels met DiscoveryCard

Versekerdes met VitalityDrive™ en 'n DiscoveryCard het toegang tot kortings van tot 15% by kleinhandelvennote. Belonings word addisioneel toegeken aan bestaande DiscoveryCard-houers. Lede van Vitality en DiscoveryCard-houers wat VitalityDrive™ kies, kan tot 35% terugkry op besteding by DiscoveryCard-vennote.

Versekerdes met VitalityDrive™ wat DiscoveryCard-houers is, ontvang addisionele kontant terug

Addisionele belonings met VitalityDrive™ vir DiscoveryCard-houers		
	Status	Belonings
Look & Listen, Toys R Us, frasers, Ctrack, Totalsports, Old Khaki, Exclusive Books, @home, iStore, Nando's, Ranges, Altech Netstar, Stuttafords, Pro Shop, @homelivingspace, Tiger Wheel & Tyre	Basies	0%
	Neutraal	5%
	Betrokke	7.5%
	Gevorderd	15%

+

Belonings vir bestaande DiscoveryCard-houers			
Status	<1 jaar	3 tot 5 jaar	>5 jaar
Blou	10%	10%	10%
Brons	10%	11%	12%
Silwer	10%	12%	14%
Goud	10%	13%	15%
Diamant	–	15%	20%

= Tot **35%** kontant terug by DiscoveryCard-vennote

Tiger Wheel & Tyre is net deur VitalityDrive™ beskikbaar as DiscoveryCard-vennoot. Die beskikbare kortings verskil van die gewone kortings met DiscoveryCard en wissel van 8% tot 15%, afhangend van VitalityDrive™-status.

03 Tot 15% minder by plaaslike reisvennote

VitalityDrive™ bied toegang tot laer tariewe op binnelandse reise met British Airways, kulula en Europcar. Verder kom u in aanmerking vir kortings van tot 15% by Southern Sun. Dié kortings is bo en behalwe die bestaande kortings by Vitality-vennote. Vitality-lede kan tot 50% minder betaal deur kortings van Vitality en VitalityDrive™ te kombineer.

Addisionele VitalityDrive™-belonings		
	Status	Belonings
British Airways	Basies	0%
Europcar	Neutraal	5%
kulula air	Betrokke	7.5%
Southern Sun	Gevorderd	15%

+

Bestaande Vitality-belonings	
Status	Belonings
Blou	15%
Brons	20%
Silwer	25%
Goud	30%
Diamant	35%

= Tot **50%** minder op plaaslike reise

Let wel: Vitality-belonings by Europcar is tussen 8% en 25%, afhangend van Vitality-status.

VitalityDrive™ bied toegang tot die jongste veiligheidskenmerke

As u VitalityDrive™ en DQ-Track™ aktiveer, het u toegang tot verskeie kenmerke en hulpbronne om die veiligheid van u voertuig en passasiers te verbeter.

Opsporing van gesteelde voertuie ingesluit teen geen addisionele koste nie

DQ-Track™ is ook 'n opsporingstoestel vir voertuie wat gesteel word. As versekerdes met VitalityDrive™, DQ-Track™ aktiveer, het hulle toegang tot nasionale opsporing teen geen addisionele koste nie.

ImpactAlert™ bied onmiddellike ondersteuning in noodgevalle

DQ-Track™ is geïntegreer met Discovery Health se noodreaksiedienste, om proaktief nooddienste te voorsien. In geval van ernstige ongelukke, word 'n boodskap aan Discovery gestuur om nooddienste per pad of lug te ontbied. Die diens word proaktief na die toneel gestuur, volgens die GPS-ligging wat gestuur word van DQ-Track™.

VitalityDrive VehicleProtector™

VehicleProtector™ van VitalityDrive™ verlaag die risiko van diefstal van die voertuig deur onmiddellik boodskappe te stuur as daar gepeuter word met die voertuig se battery of DQ-Track™, of as die voertuig geskuif word sonder om die motor op die gewone manier aan te skakel.

Opsies om veiligheid vir die gesin te verbeter

VitalityDrive FamilyProtector™ bied verskeie addisionele veiligheidsmaatreëls om veiligheid vir die gesin te verseker. Die FamilyProtector™ en elk van die komponente word op die webblad geaktiveer en bestuur deur middel van die gebruikersvriendelike DQ Mapper™. Die FamilyProtector™ is beskikbaar teen 'n addisionele maandelikse bedrag.

Die VitalityDrive FamilyProtector™ in aksie



1. **Kennisgewing van beweging van die voertuig**
   Kennisgewing per SMS as lede van die gesin begin reis en stilhou by die bestemming.

2. **Voorkeurgebied**
   DQ Mapper™ kan gebruik word om 'n veilige roete op die webblad te beplan. Ontvang kennisgewings per SMS as lede van die gesin buite die voorkeurgebied bestuur.

3. **Hulp as daar paniek is**
   Gewapende reaksie as die voertuig gestrand is in 'n gebied wat nie veilig is nie. U kan ook 'n paniekknoppie kies, wat gewapende reaksie ontbied.

STAP 03

Pasgemaakte, **aanpasbare opsies** vir addisionele voertuigdekking, persoonlike versekering en huishoudelike **dekking**

01 Ooreenkoms vir jong volwassenes, bied laer premies vir persone wat 18 tot 25 jaar oud is

Gevaarlike bestuur, gebrekkige bestuur-ervaring en algemene bewustheid van gevare wat verband hou met die bestuur van 'n voertuig, dra aansienlik by tot meer ongelukke onder jong volwassenes. Ons Ooreenkoms vir jong volwassenes bied vir bestuurders wat 18 tot 25 jaar oud is, laer premies volgens 'n ooreenkoms wat saamgestel word om beter bewustheid van goeie bestuurgedrag te bevorder.

Die belangrikste kenmerke van die ooreenkoms is:

1. Laer premies as die ooreenkoms onderteken word.
2. Groter bewustheid van gevaarlike bestuur, soos die gebruik van 'n selfoon, te veel passasiers en gebruik van alkohol.
3. Die primêre versekerde, meestal die ouer of voog, kry toegang tot bestuurrekords met DQ-Mapper™.
4. Addisionele bybetalings in die volgende gevalle:
   - Botsings tussen Vrydag, 21:00 en Saterdag, 6:00 of Saterdag, 21:00 en Sondag, 6:00. Die inligting word voorsien deur DQ-Track™.
   - Botsings waarby net die versekerde voertuig betrokke is.

02 Dekking vir derde party, of derde party, brand en diefstal

Die polis vir derde party, brand en diefstal, maak net voorsiening vir verlies of skade aan die voertuig weens diefstal, kaping, brand, weerlig of ontploffing. Kwaadwillige of ongelukskade word uitgesluit. Ons bied dekking vir diefstal van klanktoerusting, as daar gedwonge en gewelddadige betreding van die voertuig is.

Die polis vir derde party bied dekking vir aanspreeklikheid.

03 Persoonlike en huishoudelike dekking

Daar is ook omvattende opsies om pasgemaakte dekking vir u huishoudelike en persoonlike besittings te voorsien. Dit behels die volgende vyf belangrike kenmerke:

01 HomeProtector™

Ons bied veiligheidsdienste vir tot twee nagte na 'n inbraak, asook noodverblyf ter waarde van tot R3 000.

02 Geen bybetaling nie

Die bybetaling word nie gehef indien die eis verband hou met inbraak, brand, weerlig, hael, storm of vloed nie.

03 Geen awery in geval van huishoudelike eise nie

Ons pas nie awery toe op eise vir nuwe aankope gedurende die polisjaar as u gebruik maak van ons lys van huishoudelike items nie.

04 Ons baseer premies op verwagte verlies, nie die volle waarde van u persoonlike besittings nie

Dit is 'n billiker benadering om premies te bereken en maak voorsiening vir kostedoeltreffender versekering.

05 Dekking vir waardevolle en versamelaarsitems

Die items kan gedek word tot en met 'n ooreengekome kontantbedrag – ons kom ooreen op die bedrag wanneer die polis gekies word. Dit bied sekerheid oor die vlak van dekking wat u het.

Kliënte se reis met Discovery Insure

Discovery Insure en VitalityDrive™ bied unieke voordele en dienste vir alle versekerdes.

DAVE se reis met Discovery Insure

1. Kies 'n omvattende motorplan van Discovery Insure
2. Aktiveer VitalityDrive™
3. Kies aanpasbare dekking vir sy persoonlike en huishoudelike items

SMART SERVICE — Jan — DQ — Feb — Mrt — April — Betrokke — Mei

SmartService™ installeer die DQ-Track™, Discovery Insure se telematiektoestel, in Dave se voertuig. Dit kos hom niks ekstra nie en dit word by sy kantoor gedoen.

DQ-Track™ begin meet hoe Dave bestuur. Hy verdien DQ-punte volgens die manier hoe hy bestuur.

Hoe meer DQ-punte Dave verdien, hoe beter word sy VitalityDrive™-status. Volgens die manier hoe hy bestuur en die punte wat hy verdien, behou hy "Betrokke"-status, van Februarie, tot aan die einde van die jaar.

Elke versekerde met VitalityDrive™, geniet vir die eerste maand Neutrale status. Dave kan die geleentheid gebruik om DQ-punte te verdien, deur sy voertuig se veiligheid te verbeter en bewustheid na te gaan. Hy doen dit gereeld.

	DQ-punte
Jaarlikse versiening van voertuig	50
Jaarlikse inspeksie deur Tiger Wheel & Tyre (100 punte, 100 punte as toets geslaag word)	200
Proaktiewe bestuurkursus twee keer 'n jaar	100
Jaarlikse bestuurdersveiligheidsoorsig	75
Kwartaallikse vraelys op webblad	75

Dave se ervaring in jaar twee

Discovery Insure-premie	R903 pm
VitalityDrive™-premie	R49 pm
	R952 pm
Totale jaarlikse premie	**R11 424**
Brandstofbelonings	R7 680
DiscoveryCard-belonings	R1 350
Vitality-reisbelonings	R375
Totale jaarlikse belonings	**R9 405**
Belonings as % van premies	**82%**
Eise betaal	R10 000
Bedrag in die Excess Funder Account™ aan einde van die jaar	R7 680

Jaar 3 — Jan — 80% EXCESS FUNDER ACCOUNT — Feb — Mrt — 15% — Apr — Mei

Des — Nov — Okt — GEEN BYBETALING NIE — Sep — Aug

Dave verbeter sy bestuurvermoëns teen die einde van die tweede jaar met die hulp van DQ-Mapper™ en inligting op die webblad. Saam met die 500 DQ-punte wat hy verdien vir gereelde aktiwiteite, verdien hy Gevorderde status in die derde polisjaar.

VitalityDrive™ se status-monitor



Weerlig beskadig Dave se televisiestel en mikrogolfoond. Met Discovery Insure se bybetalingsvoordele het hy volle dekking vir die skade. Dave benut die lys van huishoudelike items wat ingevul is toe hy die dekking gekies het en daar word dus nie awery toegepas op die eis nie.

Ongelukkig is Dave betrokke in 'n botsing terwyl hy huis toe ry van die werk af.

Dave gebruik die Excess Funder Account™ om aan die begin van die derde jaar sy bybetaling vir motor-eise te vergroot van R2 000 tot R8 000. Dit verlaag sy premie van R903 per maand tot R829 per maand.

Met die verbeterde Gevorderde status, word sy belonings met DiscoveryCard en kortings op reis met Vitality verdubbel tot 15%.

Proaktiewe steun tydens 'n botsing

DQ-Track ImpactAlert™ gee onmiddellik kennis van die voorval en nooddienste word gestuur na die toneel van die ongeluk.

Die gevallestudie hieronder illustreer die voordele in aksie en die tasbare waarde wat versekerdes geniet. Dave is 40 jaar oud en het 'n motor wat R150 000 kos. Sy huishoudelike inhoud is verseker teen 'n waarde van R150 000. Hy bestee R800 aan brandstof per maand, R5 000 per jaar aan vakansies in die Kaap en R1 500 per maand aan 'n selfoon, huishoudelike uitgawes, klere, musiek en boeke.

Met die brandstofbelonings wat VitalityDrive™ bied, kan Dave tot 40% van sy besteding aan brandstof by BP terugkry in kontant in sy DiscoveryCard-rekening. Hy spaar R320 per maand aan brandstof met VitalityDrive™.

Dave het toegang tot kleinhandelvennote met DiscoveryCard en kortings op reis met Vitality ter waarde van 7.5%, volgens sy Betrokke-status met VitalityDrive™.

Jun · Jul · Aug · Sep · Okt · Nov · Des

40% · 7.5%

Dave kan aanteken by DQ-Mapper™ om te kyk hoe hy in die verlede bestuur het.

VitalityDrive™ se status-monitor



Dave se ervaring in jaar een

Discovery Insure-premie	R903 pm
VitalityDrive™-premie	R49 pm
	R952 pm
Totale jaarlikse premie	**R11 424**
Brandstofbelonings	R3 680
DiscoveryCard-belonings	R1 275
Vitality-reisbelonings	R375
Totale jaarlikse belonings	**R5 330**
Belonings as % van premies	**47%**

Jaar 2

Jul · Jun · Mei · Apr · Mar · Feb · Jan

7.5% · 80% EXCESS FUNDER ACCOUNT

Padbystand wat outomaties ingesluit is by sy polis help Dave om sy motor aan die gang te kry toe die battery een middag pap is.

Hy behou Betrokke-status vir die res van die jaar en verdien dieselfde belonings vir reis met Vitality en besteding by DiscoveryCard-vennote.

Aan die begin van die tweede jaar, aktiveer Dave die Excess Funder Account™. Dit verdubbel sy brandstofbelonings tot R640 per maand.
Die beskikbare bedrag in die Excess Funder Account™ is daar om voorsiening te maak vir bybetalings op sy motor in geval van 'n eis.

Jun · Jul · Aug · Sep · Okt · Nov · Des

Dave se ervaring in jaar drie

Discovery Insure-premie	R829 pm
VitalityDrive™-premie	R49 pm
	R878 pm
Totale jaarlikse premie	**R10 536**
Brandstofbelonings	R7 680
DiscoveryCard-belonings	R2 700
Vitality-reisbelonings	R 750
Totale jaarlikse belonings	**R11 130**
Belonings as % van premies	**106%**
Eise betaal	R30 000
Betaal uit Excess Funder Account™	R8 000
Bedrag oor in die Excess Funder Account™ aan die einde van die jaar	R7 360

SMART SERVICE

SmartClaims™ maak dit maklik om te eis

Gelukkig word Dave nie ernstig beseer nie, maar sy voertuig is erg beskadig. 'n Motor van Avis neem hom huis toe en Discovery Insure reël dat sy motor gesleep word na 'n goedgekeurde paneelklopper. Discovery Insure reël ook dat die Avis-motor by sy huis afgelewer word sodat hy dit kan gebruik terwyl sy motor herstel word.

HUUR

... en hou Dave op die pad

Discovery Insure skakel Dave om te bevestig wanneer hy sy herstelde motor by sy naaste Avis-takkantoor kan gaan haal.

80% EXCESS FUNDER ACCOUNT

Excess Funder Account™ maak voorsiening vir die bybetaling op sy polis

Dave het aan die einde van Julie, nadat sy motor herstel is, R12 160 in die Excess Funder Account™. Hy gebruik R8 000 as bybetaling volgens die polis en het R4 160 oor aan die einde van Julie.

Belonings van A tot Z

A Advanced drivers
(Gevorderde bestuurders)

Benut belonings en voordele optimaal deur goed te bestuur en Gevorderde status van VitalityDrive™ te verdien.



B Boost your Vitality benefits
(Verbeter Vitality-voordele)

Addisionele 15% af op reis met Vitality en kontant terug by DiscoveryCard-vennote.

C Car hire
(Motorhuur)

Ingesluit by u Discovery Insure-polis en dit kos niks meer nie.

D Driver Quotient™ (DQ)
(Bestuurderkwosiënt (DQ))

Die Bestuurderkwosiënt (DQ) is 'n wetenskaplike punt wat aandui hoe goed u bestuur. Hoe beter u bestuur, hoe beter u DQ.



E Excess Funder Account™

Spaar tot 80% van besteding aan brandstof om voorsiening te maak vir bybetalings in geval van 'n eis.



F Fuel rewards
(Brandstofbelonings)

Kry tot 40% kontant terug op maandelikse besteding aan brandstof.

G Guaranteed cover
(Gewaarborgde dekking)

Geen awery in geval van eise vir huishoudelike items as u Discovery Insure se lys van huishoudelike items invul nie.

H HomeProtector™

Veiligheid en noodverblyf.

I ImpactAlert™

Proaktiewe reaksie vir noodgevalle na 'n botsing.

J Jewellery and collectable items
(Juweliersware en versamelitems)

Betaal net vir die verwagte hoogste verlies, nie die volle waarde van besittings nie. Besluit om kontantvoordele te kies vir versamelitems.

K Knowledge and awareness tools
(Kennis en bewustheid)

Benut die hulpmiddels en dienste op die webblad om bestuurder- en voertuigveiligheid te verbeter.

L Lower premiums
(Laer premies)

Gebruik die Excess Funder Account™ om elke jaar versekeringspremies te verlaag.

M MultiPoint Check
(Laat doen 'n inspeksie)

Verdien DQ-punte deur elke jaar die voertuig na Tiger Wheel & Tyre te neem om dit te laat inspekteer.

N No excess
(Geen bybetaling nie)

Daar is nie enige bybetaling op skade aan die voertuig in geval van diefstal, kaping, storm, hael of brand nie.

O Optional cover for secondary vehicles
(Opsionele dekking vir tweede voertuie)

Dekking vir derde party en derde party, brand en diefstal opsies is beskikbaar vir tweede voertuie.

P Protection for your family and vehicle
(Beskerming vir u gesin en u voertuig)

VitalityDrive™ se beskermers vir voertuie en u gesin bied verskeie hulpmiddels en dienste om u veiligheid te verbeter.

Q Quick and easy claims submission
(Vinnige en maklike indien van eise)

Met u "smartphone" kan u Discovery Insure maklik in kennis stel van enige eis.

R Roadside assistance
(Padbystand)

Ingesluit by die Discovery Insure-polis teen geen addisionele koste nie.

S SmartService™ en SmartClaims™

Ons maak dit makliker as ooit om te eis.

T Track how well you drive
(Kyk hoe goed u bestuur)

Die DQ-Track™ se outomatiese telematiektoestel meet hoe goed u bestuur.

U Unit tamper alert
(Boodskap as iemand met u motor peuter)

Onmiddellike kennisgewing as iemand aan die DQ-Track™-toestel of die motor se battery peuter.

V Vehicle recovery
(Opsporing van voertuig)

Die voertuig word opgespoor as dit gesteel word. Dit word ingesluit by VitalityDrive™ sonder enige addisionele koste.

W www.discovery.co.za

Teken aan om te kyk na al die voordele.

X Extensive personal and household cover
(Uitgebreide persoonlike en huishoudelike dekking)

Pasgemaak volgens u unieke behoeftes.

Y Young Adult Contract™
(Ooreenkoms vir jong volwassenes)

Kortings op versekeringspremies vir jong volwassenes wat 18 tot 25 jaar oud is.

Z Zero excess
(Geen bybetalings nie)

Geen bybetalings as u eis vir huishoudelike of persoonlike items nie.

Discovery
Insure

Straatadres:
Discovery Insure
Weststraat 155
Sandton

Posadres:
Posbus 3888
Rivonia
2128

Faksnommer:
011 539 1189

Inbelsentrum:
0860 751 751

www.discovery.co.za

GM10659_07/05/11

Discovery Insure is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste.
Registrasienommer 2009/011882/06

STSBA 04/11